



ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: AUGUSTUS 2019

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender by hsagenquiries@gmail.com onmiddellik in kennis en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirus-programmatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – AUGUSTUS 2019 WEERGAWE INHOUD:

1. DIGITALE UURGLAS - BESPREEK NOU PLEK OP DIE BUS!
2. DIE HSAG MARATON
3. KORT ANTWOORD OP HSBF NUUSBRIEF VAN 7 AUGUSTUS 2019
4. UIT DIE PEN VAN 'N BELEGGER
5. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PICVEST-BELEGGINGS – DEEL 3
6. HUIDIGE STAND VAN SAKE:
 - 6.1 Versnelde Sertifikasie Aansoek (HS 21 & 22)
 - 6.2 Beleggers met eise in HS 15 tot 20
 - 6.3 Aansoek om as vriend van die Hof toe te tree in die Noormahomed Appèl Aansoek
 - 6.4 Aansoek om Tussenbeidetrede
7. VYF REDES WAAROM HSAG-LEDE OPBETAALD MOET WEES
8. BELANGRIKE DATUMS
9. OPVRAGING VIR BYDRAE TOT REGS-EN ADMINISTRASIEKOSTES – 2019
10. ALGEMENE BOEDELNAVRAE
11. OPSKORTING VAN HSAG-LIDMAATSKAP
12. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS
13. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE
14. LEDE-BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE
15. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

1. **DIGITALE UURGLAS – BESPREEK NOU JOU PLEK OP DIE BUS!**

Die HSAG-bestuur het in die vorige nuusbrieff reeds bekend gemaak dat 'n spertyd van 6 maande daargestel is vir alle HSAG-lede om maksimum voordele uit die komende hofspraak (HS 21 en HS 22) te trek deur as't ware 'n HSAG buskaartjie te koop vir sertifikasie. By klas-aksies in internasionale hofsake, is dit algemeen vir partye om 'n skikking by die sertifikasie van 'n te klas te bereik en is dit dus ook nie uitgesluit dat die partye in hierdie saak skikkingsonderhandelinge kan voer nie. Die HSAG tree egter vir al sy lojale lede op en wil dit graag 'n voorvereiste maak dat Georgiou en ander, in so 'n geval van skikkingsonderhandelinge, nie alleen met kwalifiserende beleggers in HS 21 en 22 skik nie, maar ook alle ander getroue en opbetaalde lede in HS 15 tot 20. Daarom is dit belangrik om op die HSAG bus te wees! Lees hieronder hoekom dit belangrik is om op datum te wees met u betalings asook om teleurstellings te voorkom. (U het vanaf 1 September 2019 152 dae oor om u uitstaande registrasie koste en opvragings op datum te bring.)

Huidig is die HSAG se prokureurs vir jare nie ten volle betaal vir hul dienste gelewer nie maar wil die HSAG-bestuur graag steeds die bes toegeruste regsman (insluitend junior en senior advokate) en deskundiges gebruik. Slegs 'n klein persentasie lede is ongelukkig opbetaal, maar as almal hul kant bring sal die krygskas van die HSAG sterk wees en jaarlikse opvragings selfs drasties verminder. Persone wat nie hul bydraes maak by die befondsingsmodel van die HSAG nie kan ongelukkig nie verwag om deel te wees van die regsproses of enige suksesse daarin nie. Die saak kom reeds vyf jaar aan en weet almal reeds of hulle kan of wil deel wees van die proses en daarom die sperdatum.

Ten einde lede behulpsaam te wees met die oog op die komende Aansoek vir Sertifisering asook moontlike skikkingsonderhandelinge, het die HSAG 'n nuwe digitale uurglas op die HSAG webtuiste aangebring. Hierin word 'n afsnydatum van 31 Januarie 2020 aandui vir lede om hul bydraes en registrasiekoste op datum te bring en is daar nog net vyf maande oor.

Hierdie afsnydatum is belangrik aangesien dit in terme van die "opt-in" bedeling wat die HSAG voortaan sal ondersteun, relevant sal wees om te bepaal welke lede outomaties by die klas-aksie ingesluit sal word (en dus oor 'n buskaartjie beskik), sonder om verplig te wees om addisionele stappe te neem ten einde deel te vorm van die gesertifiseerde klas.

LET WEL:

- Tot dusver het die HSAG in sy Kennisgewing van Mosie vir die hof gevra om die sogenaamde "opt-out" metode by klas-aksies te volg waar persone wat nie deel wil vorm van die klas nie positiewe stappe moet neem om uit die litigasie te kom. Ongelukkig, onder andere weens verskeie faktore, bv. Die lang tydsverloop (5 jaar); wye publikasie (gedrukte en elektroniese media, sosiale media en hofsake); swak finansiële ondersteuning (ongeveer slegs 15% HSAG-lede is opbetaal); asook billikheidsoorwegings, steun die HSAG se groepsledebefondsing model nie meer sodanige bedeling nie.
- Die HSAG bestuur het gevolglik vir die regsman opdrag gegee om die huidige bedeling na "opt-in" te verander. In wese beteken dit (buiten opbetaalde HS 21

en 22 lede wie outomaties ingesluit sal word) dat alle ander persone positiewe stappe moet neem om te kenne te gee dat hy/sy/hulle deel van die klas wil wees by sertifikasie daarvan.

- Dit mag beteken dat almal die geleentheid sal hê om deel te wees van die groepsaksie maar waarskynlik weer teen betaling van 'n registrasie fooi en 'n eenmalige bedrag wat in oorweging gebring sal word met bedrae wat opbetaalde lede reeds die afgelope 5 jaar betaal het.
- Ten einde billik en regverdig te wees teenoor almal wat steeds kan en wil voortgaan met die litigasie is 6 maande grasie verleen aan HSAG-lede om hul gelde op datum te bring. Hierdie grasie periode sal ongelukkig streng toegepas moet word.

DIE SPERDATUM IS 31 JANUARIE 2020- TYDPERK OM OP DATUM TE KOM: 152 DAE VANAF 1 SEPTEMBER 2019.

2. DIE HSAG MARATON

Die HSAG Bestuur het tydens 'n onlangse vergadering die klas-aksie en verwante proses beskryf as 'n maraton wat vergelyk kan word met die veeleisende Comrades Maraton.

Die Comrades Maraton is die wêreld se oudste en grootste ultra-maraton. Dit is uniek en was 'n baanbreker in Suid-Afrika. Dit strek oor 'n gemiddeld van 90 km tussen Durban en Pietermaritzburg. Die maraton word opgedeel in fases, net soos die litigasieproses. 'n Atleet wat deelneem aan die Comrades maraton moet elke fase voltooi in 'n spesifieke tyd. Indien 'n atleet nie die fase voltooi in die vereiste tyd nie, val hy uit en is sy wedloop op 'n einde.

Dié ultra-maraton en die dramatiese tonele aan die afsnypunte laat mens dink aan die mensdom en die volharding waartoe ons almal in staat is. Ondanks die gevoel dat ons gedurig in stryd is met mekaar omdat dit voel asof die HSAG se klas-aksie, net soos die 90km ultra maraton, nie tot 'n einde kom nie, bring die verskeie aanslae van die teenkant waarin die HSAG suksesvol was hoop, net soos 'n atleet vol hoop en verligting is na elke suksesvolle afsnypunt oorgesteek word.

In die HSAG maraton, is die HSAG geseënd deurdat die HSAG 'n massiewe span is wat saam aan die wedloop deelneem en mekaar kan aanmoedig en bystaan om nie op te gee voor die wenstreep oorgesteek word nie. Die span kan egter net soveel van sy spanlede saamsleep voor die hele span benadeel sal word en uiteindelik verhoed sal word om binne die vereiste tyd die verskillende fases te voltooi. HSAG spanlede wie nie die gemeenskaplike doelwit ondersteun nie, trek dus die hele span terug en verhoed dat goeie vordering gemaak kan word.

As die bene "Nee!" sê, sê die span wat saam hardloop "Ja!". Net so sê die HSAG "Ja!" elke keer as die teenkant en sy ondersteuners "Nee!" sê. Vreemdes sal mekaar optel en oor die wenstreep dra. Dit is egter so dat, indien jy nie jou hand uitsteek sodat iemand jou kan optel nie, jy agter gaan bly lê in die stof. So sal dit in die HSAG se geval wees. Daar waar ouers nie meer kan verder nie, sal hulle hul hande moet uitsteek na hul families, vriende en spanmaats om hul te help en aan te por om oor

die wenstreep te kom. Dit is onmoontlik om van die HSAG regspan te verwag om hierdie rol te vervul.

Alhoewel die maraton as 'n span gehardloop word, is elke individuele lid van die span verantwoordelik daarvoor om te verseker dat sy bene nie lam raak nie, en dat daar genoegsame energie en vermoë is om die wenstreep oor te steek. Soos met enige wedloop, sal daar altyd deelnemers en buitestanders wees wat wil seëvier om atlete te sien misluk, en daardie mense sal selfs 'n voetjie uitsteek net om te sien hoe 'n toegewyde atleet val en sy span in die steek laat.

Net soos die Comrades Maraton, is die HSAG se klas-aksie 'n geskiedkundige gebeurtenis, en het die HSAG die geleentheid om toegang tot geregtigheid te bevorder vir 'n kwesbare groep mense wat tot ander se voordeel benadeel is. Die gees van die Comrades Maraton, maar so ook van die HSAG, word gekenmerk deur kameraderie, onbaatsugtigheid, toewyding, vasberadenheid, deursettingsvermoë en ubuntu.

Die HSAG Bestuur en sy lede neem hand-aan-hand deel aan hierdie wedloop, en ons daag u uit om saam met ons "Ja!" te sê, wanneer die bene lam en die asem min word. Kyk na die hoeveelheid spanlede wat nog saam hardloop en deelneem aan die wedloop. Wil jy uithou, of wil jy in die stof bly lê?

3. KORT ANTWOORD OP HSBF NUUSBRIEF VAN 7 AUGUSTUS 2019

Die Hoëveld Sindikasie Beleggers Forum ("HSBF") het onlangs 'n nuusbrief gestuur aan "Alle Beleggers – Finansiële Adviseurs", om hul te oorreed om die "aandele opsie – Accelerate Property Fund" te oorweeg.

Die HSBF en sy bedrywighede is duidelik net 'n rookskerm wat gebruik word en daarop gemik is om sekere individue ten koste van ander onskuldige persone te bevoordeel.

Die HSAG het al paar navrae in verband met die nuusbrief ontvang en wil kortliks as volg antwoord daarop:

Vanaf 2016 het die HSAG volledig met die stigting van die HSBF, sy befonders sowel as die sogenaamde "Bestuurskomitee", wat bestaan uit Mnr. Helgard Hancke ("Hancke"), gehandel, en is nie van voorneme om verder kosbare tyd te mors om dieselfde hierin te herhaal nie. Dit verdien egter om genoem te word dat die HSBF duidelik befonds word deur Georgiou en gedryf word deur Hancke, 'n eertydse vertroude HSAG Bestuurslid. Hancke het destyds in die geheim die belange van Georgiou gedien terwyl hy 'n lid van die HSAG Bestuur was. Vir gerief word u verwys na die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za.

Die geskiedenis en HSAG oorwinnings spreek vir sigself en die HSAG is nie van voorneme om hierin daarop te reageer nie. Daarbenewens word die vereistes en prosesse verwant aan likwidasies deur wetgewing voorgeskryf, en die HSAG was nog nooit van voorneme om bestaande wetgewing te hervorm nie. Indien Georgiou se entiteite insolvent is, kan enigiemand, selfs buite die HSAG, 'n aansoek om likwidasie bring. In werklikheid is Georgiou en die Besigheidsreddingpraktisyn ("BRP"), Hans Klopper, wetlik verplig om 'n aansoek om likwidasie te bring indien gemelde

maatskappye onder insolvente omstandighede handel dryf of die besigheidsredding nie werk nie.

Ongelukkig vermy Hancke opsetlik die werklike kwessies wat op die spel is. Eerstens ignoreer hy die R4.6 miljard wat van Georgiou en andere geëis word. Sy aantyging dat die HSAG se prokureurs van rekord R46 miljoen gefaktureer het sou gefaktureer het is blote spekulاسie en loutere onsin. Dit is sonder enige basis. Die HSAG konsep is eenvoudig: die regsman en ander persone word slegs betaal vir werk reeds gedoen en trustopvragings word van tyd tot tyd gebaseer op werk asook werklike betalings ontvang. Danksy die ekonomie van skale en die groot hoeveelheid HSAG lede, was die opvragings vir lede bydrae tot dusver nominaal. Selfs al was Hancke reg (wat nie die geval is nie) kom dit neer op slegs 1% van die R4.6 miljard wat deur die HSAG geëis word. Dit lei noodwendig tot die ernstige vraag of Hancke en sy meelopers werklik ernstig en bekommerd is oor wat geword het van die ander 99% van die HS beleggers se miljarde wat geëis word?

Tot dusver was die HSAG, sy bestuur en regsman onvoorwaardelik lojaal teenoor HSAG lede. Desnieteenstaande, het die tyd ongelukkig nou aangebreek waar daardie persone wie nie hul finansiële ondersteuning lewer nie, 'n ernstige besluit sal moet maak of hulle deel wil wees van die litigasie teen Georgiou en ander, al dan nie. Hierdie is in lyn met opbetaalde lede, wie voel dat hul sover die proses teen Georgiou en ander vorentoe moes dryf tesame met die regsman terwyl ander persone nie hul kant gebring het nie.

Die befondsingsmodel van die HSAG was nog altyd gebaseer op 'n Groepsledebefondsing-model en sal dit nie in die voorsienbare toekoms verander nie. Die gemiddelde eis van beleggers in die HS maatskappye is R250 000. Inaggenome voormelde, het die HSAG egter steeds oor die afgelope vyf jaar (nieteenstaande die feit dat slegs 15% van lede opbetaald was), minder as 0.75% van die gemiddelde eis jaarliks van sy lede opgevra.

Dit is daarom vir die HSAG-lede noodsaaklik om te besluit of hulle wil en/of kan voortgaan met die litigasie teen Georgiou en ander, al dan nie. Die HSAG het nog nooit enige beloftes teenoor sy lede gemaak ten aansien van die hofprosesse of uitkoms daarvan nie, maar sal voortgaan om 100% van hul eise, tesame met rente en koste, te eis. Hierdie voorneme sal spesifiek van toepassing wees op alle opbetaalde lede, ongeag daarvan of hulle in HS 21 en/of HS 22 belê het.

4. UIT DIE PEN VAN 'N BELEGGER

Die HSAG neem die vrymoedigheid om 'n uittreksel uit die volgende insiggewende skrywe wat die HSAG vanaf 'n belegger ontvang het, te publiseer.

“South African jurisprudence in respect of class actions is still in its infancy. Consequently, the courts still have much to clarify in relation to the regulation of class actions. How the courts choose to regulate class actions – which, absent legislative intervention, is likely to develop in a *slow and ad hoc* manner – will ultimately determine the utility of this new procedure within the South African legal system. It is hoped that our courts will do everything within their powers to ensure

access to justice for litigants in a variety of matters who, absent this adjectival innovation, would face significant, and potentially insuperable, challenges.

The courts, having given birth to class actions, are now responsible for their development. American academics have noted that to some the class action has been viewed as ‘a Frankenstein monster, while to others it is revered as a knight in shining armour’. In South Africa there is no doubt that the private class action has been birthed in hope (under the banner of access to justice) to be a knight in shining armour. The courts will nevertheless need to be diligent to ensure that it fulfils its promise and does not morph into a Frankenstein monster. We are confident that our courts will take to this task with aplomb, since the Constitutional Court has made plain that courts, while retaining control of the procedure, must embrace the class action as one of the tools available to litigants to place disputes before them.”

Na aanleiding van bogenoemde uittreksel uit die boek **CLASS ACTION LITIGATION IN SOUTH AFRICA** (Max du Plessis, John Oxenham, Isabel Goodman, Luke Kelly & Sarah Pudifin-Jones, 2017:44) wat ek as ‘n geskenk gekry het, verstaan ek nou beter waarom daar altyd in die nuusbriewe verwys word na hierdie “**maraton**” **resies** en “**geskiedenis maak**” waarmee ons lede as ‘n groep beleggers oor ons saak ingelig word. Ek verstaan ook nou beter waarom die teenkant soveel dinge in ons pad gegooi het en dat die Regters, juis omdat hul alles as nuut ervaar, soms die voordeel van die twyfel aan die opposisie gee, en oor daardie besluite rek hierdie saak so uit.

My hoop is dus dat die Regter nou, met hierdie volgende versnelde saak, slimmer geraak het uit die verlore 5 jaar se los en vas *gee die voordeel van die twyfel* aan die opposisie geleer het nou die hamer gaan neerslaan om die vertragings taktieke in die bek te ruk.

Ek is en sal altyd voor in hierdie koor sing! Ek sal baie graag wil sien dat ons almal ons geld terug kry.

Sterkte met jul (ons) saak.

Groetnis.

Sunette du Plessis
(Belegger in HS 19 & 21)”

5. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PICVEST-BELEGGINGS – DEEL 3

‘n Finansiële joernalis van Moneyweb het ‘n reeks artikels geskryf oor die Picvest-saga.

Die gemelde artikels gee vir lesers ‘n goeie agtergrond en begrip oor presies wat oor tyd gebeur het in die Picvest-saga, sedert Georgiou betrokke geraak het.

In die volgende paar HSAG-Nuusbriefe gaan ons, soos in die afgelope twee Nuusbriefe, steeds voort om kort en bondige opsommings van die artikels te gee, maar ons wil u graag uitnooi om die artikels, wat op die amptelike HSAG-webblad by www.hsaction.co.za verskyn, te lees.

DEEL 3 van die reeks artikels: “The peculiar case of the Picvest billions: Part 3” gaan voort om die ingewikkelde geskiedenis van die Hoëveld Sindikasie (HS) skemas sedert hul ontstaan te verduidelik.

Die waardasie van die 78 eiendomme wat gesindikeer is aan 18 000 beleggers vir R4.6 miljard deur die HS maatskappye is omstrede sedert die skemas misluk het in 2011.

Tydens Moneyweb se (volg-die-geld) ondersoek na die verkooptransaksies en waardasies van die eiendomme, was noemenswaardige uiteenlopende waardasies gevind wat aggressief gesny is toe die HS maatskappye in besigheidsredding geplaas is in 2011, sowel as toe die Artikel 155-Reëlinskema (“Reëlinskema”) in werking gestel is in 2013.

Die Moneyweb ondersoek het die sindikasie waardasies van ‘n totaal van 46 van die 78 eiendomme vergelyk met die eiendomme wat voorkom in die besigheidreddingsplan (BRP), en is bevind dat die waardasies van dié eiendomme verminder is met ‘n gemiddeld van 40%. In sommige gevalle is die waardasies van individuele eiendomme met soveel as 80% verminder.

46 eiendomme is deur Pickvest bemark aan beleggers vir R3,2 miljard as deel van die HS 15 tot HS 22 sindikasies. Aangesien die sindikasies oor-verkoop was, is dit ook die bedrag wat die beleggers vir die eiendomme betaal het. Tydens die plasing van die HS maatskappye in besigheidsredding, is die eiendomme egter gewaardeer vir slegs R2 miljard. Dit is ‘n yslike R1,2 miljard of 38% minder as die oorspronklike waardasies.

Dit is belangrik om daarop te let dat die waardasies wat in die besigheidreddingsplan gebruik was, beïnvloed was deur die internasionale finansiële krisis, maar die omvang van hierdie impak is onduidelik aangesien die eiendomme nie onafhanklik waardeur was nie. Hierdie waardasies kon beïnvloed word deur die verkoop van sommige gedeeltes van hierdie eiendomme.

Moneyweb het vrae gerig aan Georgiou, asook die Besigheidsreddingpraktisyn (“BRP”), Hans Klopper, maar het geen antwoord daarop ontvang ten tyde publikasie van die Moneyweb artikel nie.

Oorwaardering verhoed ‘n eiendom se vermoë om hoë opbrengste te lewer:

Die oorwaardering van ‘n eiendom beteken dat die eiendom nie in staat is om die inkomste te genereer wat benodig word om hoë opbrengste aan eienaars te lewer nie. Indien ‘n eiendom gewaardeer is vir R1 miljoen, en byvoorbeeld ‘n netto inkomste van R100 000 genereer, sal dit 10% opbrengs lewer. Maar, indien dieselfde eiendom vir R2 miljoen gewaardeer is, en steeds net ‘n R100 000 opbrengs lewer, sal die opbrengs val na 5%.

Dit is relevant binne die konteks van die HS maatskappye waar opbrengste van tussen 10% en 12% aangebied is, en as die eiendomme oorwaardeer is, sal die eiendomme nie die beloofde opbrengste kan lewer nie. Oor-waardering kon dus bygedra het tot die HS maatskappye se finansiële moeilikheid.

Amptelike waardeerder:

Carl Nel, die amptelike waardeerder van die HS Maatskappye se eiendomme, het ontken dat sy waardasies opgeblaas is. Hy het gesê dat sy waardasies vir die eiendomme in HS15 tot 18 gebaseer was op 'n inkomste-gebaseerde metode deur die gebruik van geouditeerde syfers. Nel het ook die eiendomme in HS19 tot 20 gewaardeer op finansiële syfers wat geverifieer en geudit is, terwyl Georgiou, en ententeite verwant aan hom, ook die hoof-huur en terugkoop-ooreenkomste (buyback) geteken het as waarborg.

Nel het ontken dat hy ooit individuele waardasies verskaf het vir die eiendomme gesindikeer in HS 21 en 22, en het gesê dat hy net die totale eiendomsportefeulje gewaardeer het vir hierdie sindikasies. Hy het bygevoeg dat hy nie die inkomste-waardasiemetode vir die eiendomme in HS 21 & 22 kon gebruik nie, en dat die Hoof-uitvoerende Beampte van Picvest van daardie tyd, Derik Reichel, hom "beveel" het, om die portefeuljes te waardeer op grond van die hoof-huur ooreenkomste en die terugkoop-waarborg, aangesien geouditeerde syfers glad nie beskikbaar was nie.

Nel het ook later sy amptelike waardasies vir HS21 en 22 onttrek toe Picvest nie aan sy voorwaarde (in terme waarvan die hoof-huur en terugkoop-ooreenkomste gepubliseer moet word in die prospektusse, ten einde makelaars en adviseurs die geleentheid te gun om die risiko op te weeg voor 'n besluit geneem word) voldoen het nie.

Sindikasie en besigheidsredding waardasies:

Die verskillende waardasies verwant aan die individuele eiendomme gelys in die tabel (soos verskyn op die HSAG webtuiste), was verkry van die oorspronklike sindikasie waardes gepubliseer in die HS prospektusse en van die besigheidreddingsplan . Ongelukkig was die bron van die besigheidsredding waardasies nie geopenbaar in die besigheidreddingsplan nie. Die BRP, Klopper, het in die besigheidreddingsplan aangedui dat hy nie genoegsame tyd gehad het om die waardasies te bekom nie, en dat dit te duur sou wees. Hy het egter gesê dat die geopenbaarde waardasies vroeër in 2011 voltooi is, 'n paar maande voor die HS maatskappye in besigheidsredding geplaas is. Klopper het nie gereageer op vrae in verband met die bron van die waardasies nie.

Interessant, is dieselfde besigheidsredding waardasies gebruik in die Reëlinskema wat Orthotouch gevestig het as die reddingsvoertuig vir HS beleggers. Die Reëlinskema dokument dui egter aan dat die waardasies gedoen is in Mei 2011 deur die HS maatskappye. Die werklike waardeerder van die eiendomme is weereens nie geopenbaar nie.

Rente is egter betaal aan beleggers op grond van die oorspronklik sindikasie waardes.

Vergelyking van waardasies:

Die vergelyking van die sindikasies en besigheidreddingsplan waardasies van die 46 eiendomme word op die HSAG webtuiste aangedui.

Eiendom naam	HS prospektus waardasie	BRP waardasie	Waardasie verskil
1 Key Largo (HS15)	R 36 885 000,00	R 38 969 472,00	R 2 084 472,00
2 Safeside Autocity (HS15)	R 17 500 000,00	R 16 248 248,00	R (1 251 752,00)
3 Cascades (HS16)	R 30 170 000,00	R 14 424 350,00	R (15 745 650,00)
4 Eden Terrace (HS16)	R 51 930 000,00	R 33 937 036,00	R (17 992 964,00)
5 Rock Cottage (HS16)	R 48 135 000,00	R 67 908 760,00	R 19 773 760,00
6 Waterford (HS16)	R 50 945 000,00	R 41 774 724,00	R (9 170 276,00)
7 Southdale (HS17)	R 205 560 000,00	R 164 192 090,00	R (41 367 910,00)
8 12 Main Ave, Melville (HS18)	R 12 000 000,00	R 4 193 485,00	R (7 806 515,00)
9 14 Main Ave, Melville (HS18)	R 16 000 000,00	R 6 985 733,00	R (9 014 267,00)
10 5 Main Ave Melville (HS18)	R 14 000 000,00	R 6 221 658,00	R (7 778 342,00)
11 7 Main Ave, Melville (HS18)	R 16 000 000,00	R 15 063 242,00	R (936 758,00)
12 9-11 Main Ave, Melville (HS18)	R 42 000 000,00	R 28 221 291,00	R (13 778 709,00)
13 Absa Witbank (HS18)	R 15 100 000,00	R 7 727 273,00	R (7 372 727,00)
14 Beacon Isle (HS18)	R 26 150 000,00	R 22 077 664,00	R (4 072 336,00)
15 Eshowe Mall (HS18)	R 58 800 000,00	R 107 013 484,00	R 48 213 484,00
16 Basil Green (HS19)	R 50 234 939,00	R 30 565 369,00	R (19 669 570,00)
17 Corporate Park (HS19)	R 45 342 479,00	R 20 308 704,00	R (25 033 775,00)
18 Highway Gardens (HS19)	R 47 371 363,00	R 31 612 125,00	R (15 759 238,00)
19 Leaping Frog (HS19)	R 177 005 830,00	R 140 330 188,00	R (36 675 642,00)
20 Meschape (HS19)	R 45 469 800,00	R 30 213 569,00	R (15 256 231,00)
21 Spar Plaza Potgietersrus (HS19)	R 39 541 661,00	R 27 776 318,00	R (11 765 343,00)
22 Storegate (HS19)	R 44 635 758,00	R 34 992 762,00	R (9 642 996,00)
23 Wilropark (HS19)	R 18 020 871,00	R 8 802 344,00	R (9 218 527,00)
24 Absa Brakpan (HS20)	R 28 549 761,00	R 16 758 791,00	R (11 790 970,00)
25 Banbury Cross Village (HS20)	R 84 436 933,00	R 57 401 110,00	R (27 035 823,00)
26 Blairgowrie Plaza (HS20)	R 165 105 061,00	R 85 190 358,00	R (79 914 703,00)
27 East Lynne (HS20)	R 43 807 792,00	R 34 971 264,00	R (8 836 528,00)
28 Flora Office Park (HS20)	R 116 717 658,00	R 82 874 725,00	R (33 842 933,00)
29 Game Centre – Paarl (HS20)	R 29 836 655,00	R 29 609 556,00	R (227 099,00)
30 ILO House (HS20)	R 11 485 842,00	R 10 745 622,00	R (740 220,00)
31 Markinor House (HS20)	R 26 823 638,00	R 19 273 110,00	R (7 550 528,00)
32 Nedcor Building – Germiston (HS20)	R 31 478 436,00	R 12 768 975,00	R (18 709 461,00)
33 Standard Bank Building – Nelspruit (HS20)	R 36 236 384,00	R 26 065 755,00	R (10 170 629,00)
34 Wonderboom Plaza (HS20)	R 30 120 783,00	R 21 413 660,00	R (8 707 123,00)
35 Glen Gables (HS21)	R 200 722 759*	R 59 613 263,00	R (141 109 496,00)
36 Highveld Centurion (HS21)	R 141 879 018*	R 63 781 147,00	R (78 097 871,00)
37 Pembury Retirement Lodge (HS21)	R 234 998 813*	R 44 150 490,00	R (190 848 323,00)
38 The Mill House (HS21)	R 64 023 288*	R 28 198 960,00	R (35 824 328,00)
39 Tyger Manor (HS21)	R 44 955 000*	R 55 178 176,00	R 10 223 176,00
40 Vaal Sanitaryware (HS21)	R 63 440 989*	R 27 307 120,00	R (36 133 869,00)
41 1 Charles Crescent (HS22)	R 206 342 421*	R 107 044 630,00	R (99 297 791,00)
42 10 Charles Crescent (HS22)	R 36 680 366*	R 19 547 978,00	R (17 132 388,00)
43 9 Charles Crescent (HS22)	R 68 856 123*	R 30 324 040,00	R (38 532 083,00)
44 Cell C (HS22)	R 216 082 357*	R 127 923 588,00	R (88 158 769,00)
45 Ethos (HS22)	R 115 502 957*	R 59 168 700,00	R (56 334 257,00)
46 Primovie Park (HS22)	R 110 175 458*	R 75 283 500,00	R (34 891 958,00)
	R 3 217 056 195	R 1 994 1	R (1 222 901 788,00)

*Bovermelde bedrae is nie die amptelike waardasie van Carl Nel nie. Nel het nie die eiendom mark via HS 21 en HS 22 individueel waardeer nie, maar dit as 'n kollektief baseer op die hoof-huurooreenkomste.

Amptelike waardeerder het kommer uitgespreek:

Nel se bewering dat hy die eiendomme in die sindikasie as 'n kollektief waardeer het en nie individueel nie, is interessant, aangesien die prospektusse waardasies van die individuele eiendomme openbaar.

Die prospektusse van HS 21 en 22 bevat elk 'n tabel wat die bedrae weerspieël wat Picvest blykbaar "betaal" het om die eiendomme te bekom. Die tabelle dui ook aan dat hierdie aankoop bedrae 'n 11% winsopslag ingesluit het, en dat die totaal van hierdie bedrae geag was om die waardasies van die eiendomme te wees. Dit was daarom nie gebaseer op 'n inkomste-waardasiemetode nie.

Desnieteenstaande reflekteer die tabelle die kollektiewe waardasie van die eiendomme as dieselfde bedrag as wat Nel se getekende waardasie sertifikate aandui.

Dit is onduidelik op welke basis die waardasies van die eiendomme inderdaad gemaak was, aangesien die titelaktes van die eiendomme aandui dat Picvest nooit die eiendomme bekom het nie.

Dit is interessant dat Nel se waardasiesertifikaat aandui dat sy waardasie gebaseer was op 'n hoof-huurooreenkoms, terwyl die HS 22 prospektus nie enige verwysing na sulke ooreenkoms bevat nie.

Individuele transaksies wat die oorwaardasie aandui:

Daar is vier eiendomme wat uitstaan in die tabel wat die sindikase en besigheidsredding waardasies vergelyk.

Al vier eiendomme was gesindikeer, of verkoop aan beleggers, in 2009 as deel van HS 21 en 22 vir R784 miljoen. Twee jaar later het die besigheidreddingsplan die eiendomme waardeer teen slegs R275 miljoen, of 35%, van die aanvanklike sindikase waardes.

Dié eiendomme is Glen Gables (HS 22), Charles Singel 1 (HS22) en Highveld Centurion (HS21).

Glen Gables:

Nog 'n voorbeeld is die Glen Gables inkopiesentrum in Pretoria-Oos.

Dié sentrum was suksesvol gesindikeer in 2009 as deel van HS 21 met die tabel in die prospektus wat 'n waarde van R200 miljoen aandui. In 2011 het die besigheidreddingsplan die eiendom teen R59.6 miljoen waardeer. Die titelakte van Glen Gables toon aan dat Picvest nooit die eiendom bekom het nie en dat dit nie oorgedra is aan HS21 nie. Dit is dus onduidelik wat geword het van die R200 miljoen wat beleggers betaal het.

Die titelakte dui aan dat Zephan die eiendom gekoop het van 'n Sharemax maatskappy in 2006 vir R59 miljoen. Zephan het toe die eiendom in 'n rug-aan-rug transaksie verkoop aan Orthotouch in 2013 vir R123 miljoen en dit toe onmiddellik aan Accelerate Property Fund Ltd verkoop vir R32.5 miljoen – skaars 16% van die oorspronklike sindikase waarde van R200 miljoen.

Georgiou se seun Michael is die Hoof-uitvoerende beampste van Accelerate.

Highveld Centurion:

Hierdie eiendom is gesindikeer in 2010 as deel van HS 21 vir R141.9 miljoen. Die besigheidreddingsplan waardasie was slegs R63.7 miljoen, minder as helfte van die oorspronklike sindikase waarde. Zephan het die eiendom verkry in 2006 vir R39.8 miljoen, en in 2013 verkoop aan Orthotouch vir R132 miljoen, wat dit dadelik verkoop het aan Accelerate vir R43.5 miljoen. Accelerate het die eiendom in 2015 verkoop vir R57 miljoen.

Charles Singel 1:

Dieselfde patroon het homself herhaal by Charles Singel 1, 'n eiendom in Eastgate, Johannesburg.

Die eiendom is in 2009 gesindikeer as deel van HS22 vir R206 miljoen. 'n Jaar later het die besigheidreddingsplan die eiendom waardeer teen R107 miljoen, helfte van die sindikasie bedrag was beleggers betaal het.

Die titelakte dui aan dat Zephan die eiendom in 2006 aangekoop het vir R41 miljoen, en dat dit nooit oorgedra is na HS 22 na die suksesvolle sindikasie nie. In 2013 het Zephan die eiendom verkoop aan Orthotouch vir R216 miljoen; Orthotouch het dit toe onmiddellik verkoop aan Accelerate vir R110 miljoen.

Moneyweb het weereens vrae gerig aan Georgiou en Klopper, maar hul het versuim om te reageer of om antwoorde te gee ten tyde publisering van die artikel.

***Vertaal en verkort**

Kyk gerus uit vir **DEEL 4** van die reeks in die volgende HSAG-Nuusbrief.

6. HUIDIGE STAND VAN SAKE**6.1 Versnelde Sertifikasie Aansoek (HS 21 & 22)**

Die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22 word in twee dele aangehoor, naamlik:

- Gedeelte A – Waar die HSAG suksesvol vir die Hof gevra het om 'n bevel, wat bepaal het dat Georgiou en Ander nie Opponerende verklarings hoef te liasseer nie, te wysig sodat die saak kan voortgaan.
- Gedeelte B – Waar die HSAG die Aansoek bring vir die Sertifisering van 'n klas-aksie vir HS 21 & 22.

Sukses in voormelde sertifisering sal ongetwyfeld ook tot voordeel van die ander HSAG-lede wees, omdat 'n Hof dan 'n klas sal sertifiseer asook oor die meriete van daardie sake sal beslis wat op sy beurt weer momentum aan die HSAG en sy lede sal gee.

Georgiou het op 1 Julie 2019 'n ongetekende Antwoordende Verklaring op die HSAG beteken.

Op 8 Julie 2019 het die HSAG regspraak 'n skrywe vir Georgiou se regspraak gestuur en hul meegedeel dat die HSAG nie sy ongetekende verklaring aanvaar nie. Op 12 Julie het Georgiou se prokureurs sy getekende verklaring op die HSAG se prokureurs per e-pos beteken.

Die HSAG het, op datum hiervan, reeds sy Repliserende Verklaring op Georgiou en Ander beteken.

Die Aansoek vir Sertifisering word aangehoor vanaf 11 tot 15 November 2019. Sien asseblief punt 6 van die HSAG Nuusbrief wat handel oor belangrike datums.

Die HSAG se Kennisgewing van Mosie, asook die verklarings ter ondersteuning van die Kennisgewing van Mosie, is op die HSAG se webblad by www.hsaction.co.za geplaas en ons nooi u uit om dit deur te lees.

6.2 Beleggers met eise in HS 15 tot 20

Die HSAG gaan nog steeds voort met stappe om hierdie beleggers se eise af te dwing. Tydsberekening en die ondersteuning deur die HSAG-lede is egter van kardinale belang om sukses te behaal en momentum te behou.

Al is die partye in litigasie dieselfde, berus die eisoorstake van HS 15 tot 20 breedweg op ander feite, omstandighede en regsbeginnels. Byvoorbeeld, onder andere ook bedrog en wanvoorstellings (deliktuele eise) teenoor die kontraktuele eise in HS 21 & 22.

Beleggers in HS 19 tot 20 se eise is reeds ingestel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek en hierdie aansoek stuit die verjaring van eise.

Tot op datum was dit nog nie nodig om beleggers in HS 15 tot 18 se eise in te stel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek nie aangesien verjaring, op advies van ons advokatuur, nog nie ter sprake is nie.

Ten einde kostes te bespaar sal die Sertifikasie-Aansoek van HS 15 tot 18 derhalwe uitgereik en beteken word sodra die HSAG se advokatuur adviseer dat dit gedoen word. Die HSAG beplan dus sy prioriteite fyn en werk sistematies daarvolgens.

Die HSAG is steeds van voorneme om die Reëlinskema tersyde te stel. Ten einde die proses te bespoedig het die HSAG op 9 Mei 2019 'n skrywe aan Regter Weiner (die Saakbestuurder in die Hooggeregshof in Johannesburg) gestuur ten einde aanwysings te vra ten aansien van die lewering van Antwoordende Verklarings deur mnr Georgiou en Andere.

Georgiou se prokureurs van rekord het daarna bevestig dat Georgiou voor of op 30 Julie 2019 hul Antwoordende Verklaring ten opsigte van die HSAG se Aansoek vir Tersydestelling van die Reëlinskema sal beteken en liasseer. Hiervan het egter dadels gekom.

Die HSAG het op datum hiervan nog nie enige Antwoordende Verklarings ontvang nie.

Regter Weiner het tot onlangs opgetree as 'n Regter van die Hoogste Hof van Appèl en word 'n aansoek eers verwag wanneer haar termyn daar afgeloop is.

Orthotouch se prokureurs het dieselfde datum aangewys, maar het meer as drie weke na die afsny datum ook nog nie hul onderneming gestand gedoen nie.

Of tot tyd en wyl is Orthotouch in terme van die Reëlinskema verplig om maandelikse rente aan HS-beleggers te betaal, maar doen dit nie. Georgiou is dus tans besig om die Reëlinskema te minag.

6.3 Aansoek om as vriend van die Hof toe te tree in die Noormahomed Appèl Aansoek

Die HSAG is steeds van voorneme om as vriend van die hof toe te tree in die Noormahomed-appèl aangeleentheid in die Hoogste Hof van Appèl ("HHA") te Bloemfontein. Soos voorheen berig is die uitkoms daarvan van belang vir HS 21 & 22 lede, aangesien die uitspraak waarteen Georgiou appelleer bepaal dat die terugkoopklousules bindend en afdwingbaar is ten spyte van die Reëlinskema wat as verweer deur Georgiou geopper is.

Die aansoek om toe te tree as vriend van die Hof is reeds beteken en by die HHA ingedien.

Die HSAG het op 22 Julie 2019 'n Opponerende Verklaring van Georgiou ontvang in terme waarvan hy die HSAG se toetrede as vriend van die Hof opponeer.

Op advies van die HSAG advokatuur, het die HSAG op 15 Augustus 2019 'n Repliserende Verklaring by die HHA geliasseer vir die Hof se verdere oorweging om die aansoek om toe te tree as 'n vriend van die Hof toe te staan, al dan nie.

Sou die HSAG se Aansoek suksesvol wees, sal die HSAG (as 'n vriend van die Hof) Hoofde van Betoog kan lewer en ook die geleentheid gegun word om die Hof toe te spreek.

6.4 Aansoek om Tussenbeidetrede

'n Opponerende Verklaring is op 6 Junie 2019 op Van der Sandt se prokureurs van rekord beteken.

Die HSAG oorweeg om Regter Tolmay, die saakbestuurder in die Hooggeregshof in Pretoria, te nader ten einde Aanwysings te vra ten aansien van die Aanhoor van Van der Sandt se Aansoek.

Indien die HSAG suksesvol sou wees met die opponering van Van der Sandt se nuutste Aansoek vir Tussenbeidetrede in die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22, sal ons vir die Hof vra om 'n bestawwende kostebevel teen haar toe te staan.

Die HSAG se Opponerende Verklaring is op die HSAG webblad beskikbaar by www.hsaction.co.za en ons versoek u vriendelik om die Verklaring te lees.

7. VYF REDES WAAROM HSAG-LEDE OPBETAAL MOET WEES

1. Dit is j u eis, dis j u saak

Elke lid van die HSAG, is 'n lid op grond van hul beleggings in die HS maatskappye, en die behoefte om dit wat hul toekom af te dwing. Deur die HSAG te ondersteun, ondersteun jy jou eie belange. 'n Lid se poging om hul bydraes te lewer, en ook om dit getrou te doen, is 'n direkte weerspieeling van daardie lid se graad van erns om die HSAG te ondersteun, en ook 'n aanduiding van 'n lid se behoefte om hul kapitaal terug te eis.

2. Hofsaak en betaling van kostes

Litigasie, veral waar miljarde rande betrokke is, is 'n uiters duur proses, en kan dubbel syfer miljoene rande beloop. Elke enkele rand wat in die HSAG se poel betaal word, word aangewend vir die behartiging van die litigasieproses en aanverwante sake. Soos voorheen genoem, is die ekonomie van skale een van die grootse voordele van 'n groot groep soos HSAG, en maak dit moontlik dat beleggers in die litigasieproses verteenwoordig raak teen 'n veel laer finansiële las. Die finansies van die HSAG het 'n direkte invloed op die vermoë van die HSAG se regspan en advokatuur om die hofprosesse in die beste moontlike manier te behartig.

3. Skikking

Dit is belangrik dat HSAG-lede se bydraes en registrasiekoste op datum is, aangesien dit in ag geneem sal word indien daar weer skikkingsonderhandelinge sou plaasvind. Daar is voorheen aangedui dat lede wie slegs registreer en nie hul bydraes op datum bring nie, moontlik uitgesluit kan word van die outomatiese beskerming van die HSAG sambreel en dus ook uitgesluit sal word van enige toekomstige skikkingsmoontlikhede wat die HSAG beklink.

4. Hande vat bring resultate

Hoe meer vermoënd die HSAG is in getal en syfer, hoe groter is die kans om die hofprosesse vinniger en suksesvol af te handel. Alle HSAG-lede het 'n gemene oogmerk, en veg vir geregtigheid teen 'n gemene teenkant. Die HSAG se momentum word egter bepaal deur sy eenheid, en wanneer almal besef dat hul eintlik dieselfde eindresultaat wil bereik, hande neem en saamtrek, sal die HSAG se stemme sekerlik in die Howe gehoor word.

5. As HSAG-lede saamstem met die bogenoemde vier punte is dit die regte ding om te doen. Indien nodig moet hul die hulp van hul naasbestaendes, vriende en weldoeners bekom ten einde hierdie doelstelling te bereik.

8. **BELANGRIKE DATUMS**

- **30 Junie 2019** - Georgiou het sy Opponerende Eedsverklaring ten aansien van die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22 beteken en geliasseer (Pretoria); NB: Ongetekende Dokumente was vanaf Georgiou se regsplan ontvang en was dus nie betyds ingehandig nie. (Ondertekende eedsverklarings was 12 dae laat gelewer wat die HSAG ernstig benadeel.;
- **30 Julie 2019** - Georgiou se prokureurs moes sy Opponerende Verklaring ten aansien van die HSAG se Aansoek vir Tersydestelling van die A155 Reëlinskema beteken en te liasseer (Johannesburg) maar dit het nie gebeur nie;
- **31 Julie 2019** - Die HSAG moes hul Repliserende Verklaring in antwoord op Georgiou se Opponerende Verklaring beteken en liasseer (Pretoria) maar was weens Georgiou se vertraging 'n paar dae laat;
- **15 Augustus 2019** - Die HSAG se prokureurs van rekord het hul Hoofde van Betoog beteken en geliasseer (Pretoria);
- **15 September 2019** - Georgiou se prokureurs van rekord moet hul Hoofde van Betoog beteken en liasseer (Pretoria);
- **11 – 15 November 2019** – Aanhoor van Gedeelte B van die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22.

9. **OPVRAGING VIR BYDRAES TOT REGS- EN ADMINISTRASIEKOSTE – 2019**

Die jaarlikse bydrae tot regs- en administrasiekoste wat gehef word bly sedert 2017 onveranderd in 'n bedrag van R2 000.00 per persoon, ongeag die hoeveelheid sindikasies waarin 'n persoon belê het. Daarby is daar sedert 2016 kwytskeldings vir beleggers met kleiner eise.

Die HSAG Bestuur het in lig van die omvang, aard en belang van die eerskomende HS 21 & 22 Aansoek vir Sertifisering in November 2019, besluit om van die dienste van 'n senior advokaat gebruik te maak om die HSAG se Applikante te verteenwoordig. Dit sal die beste moontlike regsverteenvoording vir die HSAG verseker, maar sal vir voor-die-hand-liggende redes die finansiële bystand van die HSAG-lede vereis. Georgiou gebruik regdeur die litigasie proses die dienste van 'n senior advokaat en die huidige besluit is nie ligtelik oorweeg nie.

Die jaarlikse bedrag het, nieteenstaande die geweldige prysstygings die afgelope drie jaar, onveranderd gebly. Die HSAG en sy regsverteenvoordigers doen alles in hul vermoë om die saak so bekostigbaar moontlik te doen. Indien BTW, bankkoste en ander kostes afgetrek word, is die netto bedrag wat beskikbaar is veel minder en is die gemoedsrus waarvoor die HSAG beleggers betaal om te veg vir 100% van hul eise, plus rente, uiteindelik minder as R5 per dag. Die gemiddelde eise per persoon beloop ongeveer R250 000.

10. **ALGEMENE BOEDELNAVRAE**

Indien u algemene boedelnavrae het en die eise van HSAG-lede, is u welkom om 'n e-pos te stuur na hsagestates@gmail.com waarna die HSAG u sal bystaan.

11. OPSKORTING VAN HSAG-LIDMAATSKAP

Tydens 'n vorige vergadering het die HSAG-bestuur besluit dat HSAG-lede wie nie hul **2014 / 2015 registrasiekoste** vóór of op **31 Desember 2018** op datum bring nie, se lidmaatskap aan die HSAG opgeskort kan word na oorweging van die meriete deur die HSAG-bestuur.

Opskorting van lidmaatskap beteken ondermeer dat daardie HSAG-belegger se eis teen Orthotouch/ Mnr. Georgiou straks verjaar het en is dit ook moontlik dat hul van die HSAG se databasis en e-pos adreslys verwyder sal word.

Indien enigeen wat in die bogenoemde kategorie val sy lidmaatskap wil behou en ingesluit wil bly by die klas-aksie, moet hulle dringend met die HSAG by hsagregister@gmail.com in verbinding tree.

LET WEL:

- Lede wie op die e-poslys is, kan spesiaal versoek dat hul name behou word en hul agterstallige betalings op datum bring.
- Die blote feit dat 'n persoon 'n e-pos ontvang, beteken egter nie dat hy/sy sonder meer kwalifiseer om deel te wees van die HSAG klas-aksie nie. Maak dus seker dat u besonderhede akkuraat op die HSAG se sisteme verskyn, dat u wel as 'n lid geregistreer is, en dat u registrasiekoste en bydraes op datum is.

12. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnummers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- hsactiongroup@gmail.com vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- hsagenquiries@gmail.com vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- hsagregister@gmail.com vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- hsagwhistle@gmail.com vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- hsagstates@gmail.com vir alle Boedel navrae.

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie.

Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

13. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE

Dit is 'n groot uitdaging om spoedige kennisgewings, nuusbrokkies of belangrike boodskappe aan bykans 7 000 individue oor te dra.

Ons versoek dus HSAG-lede om aan te sluit by die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe om kennisgewings, nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp te kan ontvang.

Deur by een van die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe aan te sluit sal u gereeld op hoogte gehou word van die nuutste verwickelinge met betrekking tot u saak.

Stuur bloot u Selfoonnommer; Identiteitsnommer; Volle Naam en Van, na hsactiongroup@gmail.com waarna u op die groepe gelaai sal word.

Direkte kontak kan ook gemaak word met die Administrateurs van die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by www.facebook.com/hsaction besigtig word.

14. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Ignoreer asseblief hierdie punt indien u registrasie- en regskostes reeds ten volle vereffen is.

Dit is van uiterste belang dat enige uitstaande registrasie- en regskostes so spoedig moontlik op datum gebring moet word.

Let asseblief op die volgende:

- i. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 500 per sindikasie word gehef en behoort so op u staat te verskyn
- ii. Vanaf 2016 was regskoste van R1 000 per sindikasie aangevra;
- iii. Vanaf Mei 2017 was 'n verdere jaarlikse opvraging vir bydraes tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon per jaar gemaak;
- iv. In November/Desember 2018 was 'n spesiale opvraging tot regs- en administrasiekoste vir HSAG-lede in HS 21 & 22 van R500 per persoon gemaak;
- v. Lede wie se registrasiekoste agterstallig is loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort gaan word;
- vi. Vanaf einde Februarie 2019 word persone wie se totale eiswaarde/ totale beleggingswaarde per persoon R60 000,00 of minder beloop, deur middel van 'n vooraf skriftelike versoek aan die HSAG se prokureurs (hsagenquiries@gmail.com), kwytsgekeld van die 2019 administratiewe- en regskostes, mits hul bydraes op datum is.
- vii. Kwytskelding geskied jaarliks en is nie van toepassing op vorige jare se registrasie / administrasie / regskostes / agterstallige foenie en die spesiale opvraging vir HS 21 & 22 lede nie en is steeds betaalbaar.

viii. Geen registrasie, administratiewe of regsfooie is terugbetaalbaar nie.

Die HSAG geniet die beskerming van 'n regsplan wat bestaan uit prokureurs, junior en senior advokate wat reeds 'n lang pad saam gestap het om voornemende eisers onder die sambreel van die HSAG te beskerm. In die lig van die feit dat die HSAG nou voortgaan met die sertifisering van 'n klas-aksie en die proses wat nou gevolg gaan word ten einde die Reëlinskema tersyde te stel, versoek ons dat al die HSAG-lede hul kant te bring ten einde die aangeleenthede suksesvol af te handel. Almal se samewerking word vereis.

15. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Die HSAG en hul prokureurs, Theron & Vennote, wil u graag bedank vir u volgehoue en lojale ondersteuning aan die HSAG. Die HSAG-saak behoort aan elke individuele belegger.

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG, let asseblief op die volgende:

- i. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn;
- ii. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by hsagregister@gmail.com
- iii. Die HSAG-beleggers se inligting wat gebruik word was aanvanklik verkry vanaf die aansoekvorms wat HSAG-lede ingevul het. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie
- iv. Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte te hou van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede deur in te skakel of om 'n e-pos te stuur na hsagregister@gmail.com
- v. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat.
- vi. Kliek asseblief op die skakel om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien, geoutomatiseerde state word van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende 'n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com



AFRIKAANS HIERBO

MONTHLY NEWSLETTER: AUGUST 2019

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

This email is confidential and is exclusively meant for the addressee. If you have received it in error/ wrongly, please notify the sender immediately at hsagenquiries@gmail.com and delete it. You may not copy, disclose or deliver any email received in error or any part of it to anyone else. HSAG’s webmaster uses antivirus software to prevent viruses and other malicious code. However, such software cannot prevent or eradicate all such code. The HSAG or its representatives will not be liable for any loss, harm or damage whatsoever arising from receipt or use of this email or otherwise, whether arising through negligence of the HSAG, its members, steering committee, and agents or otherwise.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information, subject to the disclaimer contained therein (and also applicable hereto), although emails are also sent out from time to time.

The obligation to keep us up to date of any changes to your personal and/or contact details rests on you as HSAG member.

